Ek is gevra om iets te sê oor wat Koos du Plessis vir my beteken het. (2004)

Wat Koos du Plessis vir my beteken het

Ek het Koos nooit goed leer ken nie – net 'n paar keer in sy dampkring beweeg – maar die effek wat sy liedjies en in die besonder *Kinders van die Wind,* op my lewe gehad het, is reeds geskiedenis.

Ek het hom in die laat sewentigs ontmoet toe ek (in my laat twintigs) al aan die werk was as vryskut sangeres/aktrise, met reeds 'n verskyning of twee op ons jong televisie, vas oortuig dat 'n mens vir altyd lewe en dat my skip die een of ander tyd sou inkom.

.Lank voordat ek Koos se liedjies vir die eerste keer gehoor het, was daar 'n "buzz" in die bedryf oor hierdie digter/liedjieskrywer. 'n Mens moet in gedagte hou dat die luisterliedjie*,* of die nuwe afrikaanse lied, op daardie stadium nog nie eers begin gebeur het nie. Min het ek toe geweet hoe tydloos sy werk sou wees.

Katinka Heyns en Chris Barnard was besig met hulle televisiereeks, *Phoenix en Kie* en saam met Jana Cilliers het hulle gedink dat ek haar sangstem vir haar rol as kabaretsangeres in die reeks sou kon behartig. Hulle sou 'n hele paar van Koos se liedjies in die reeks gebruik.

Dit was vir *Kinders van die Wind,* temaliedjie vir *Phoenix en Kie,* dat ek die eerste keer in 'n klankopname-ateljee gekom het.

Baie van ons sangers het van Koos se liedjies oor die jare opgeneem. Ek het sommer onlangs *Skimme* ingesluit op my nuwe album van Maart 2004, *My ou Tante Koba*.

Ons kom maar elke keer weer terug na die fontein toe om te drink.

Die aand toe *Kinders van die Wind* die nommer een posisie op die plaaslike (Radio 5) treffersparade behaal het, was ek toevallig saam met Koos en Mornay by hulle huis. Toe ek die nuus hoor, kon ek nog steeds nie weet watter effek hierdie treffer op my lewe sou hê nie. Later het ek besef: My skip het ingekom.

Laurika Rauch
1 Maart 2004